**Die tema van Romeine (OP267)**

**Romeine 1:16-17**

**23 Augustus 2026**

Laaskeer het ons besin oor die effek wat die gemeente in Rome gehad het. Nie net is daar wêreldwyd oor hulle geloof gepraat nie, dit het ook ‘n groot impak op Paulus gehad. Hy het God gedank oor elke gelowige in die gemeente. Hy het voortdurend aan hulle gedink, en ook gebid dat as dit God se wil is, hy ook nou die geleentheid gegee sal word om die gemeente te besoek. Sy doel met so ‘n besoek sal wees om enersyds die gemeente te versterk met ‘n geestelike gawe – immers is hy die apostel vir die heidennasies aan wie die Here goeie insig in die evangelie gegee het. Andersyds wil Paulus ook bemoedig word deur die gelowiges in Rome. Boonop wil Paulus ook ‘n vrug in Rome verkry soos onder die ander heidene. Hierdie vrug kan verdieping in die begrip van die gelowiges wees wat oorvloei in lewens wat meer en meer tot God se eer sal wees. Dit kan ook ‘n groei in getalle wees van mense wat tot geloof kom. Die punt is: Dit was Paulus se hartsbegeerte om die evangelie in Rome te gaan verkondig.

Vandag wil ek Rom 1:16-17 hanteer. Paulus het nou reeds aangedui hy wou verskeie kere Rome besoek, maar was tot nog toe verhinder. Paulus was waarskynlik bekommerd daaroor dat die Roomse gelowiges kon dink dat hy hulle tot nou toe nie besoek het nie, omrede hy hom skaam vir die evangelie. Ja, hy het wel gesê hy staan in die skuld by wyses en onverstandiges om aan almal die evangelie te verkondig. Maar dalk dink die gelowiges in Rome Paulus vrees die geleerdes in Rome, dalk is hy bang vir geleerde filosowe in Rome, soos wat daar geleerde filosowe in Atene en Efese was.

Lees vers 16. In hierdie vers wil Paulus dit baie duidelik maak: Hy skaam hom eenvoudig nie vir die evangelie nie. Die vraag wat ons onsself moet afvra, is of ons ons nie dalk skaam vir die evangelie nie? Dink hieroor:

- Dalk is ons intellektueel skaam oor die evangelie. Daar is vandag baie hoogs intelligente filosowe met vlymskerp redenasies wat die evangelie bevraagteken. Skaam ons ons dalk oor die evangelie in die teenwoordigheid van sulke filosowe?
- Dalk is ons sosiaal skaam oor die evangelie. Daar word dikwels die vraag gevra of intelligente en suksesvolle besigheidsmense die evangelie kan glo. Daar word dikwels geredeneer intelligente wetenskaplikes glo ook nie die evangelie nie. Nee, word daar geredeneer, die evangelie word alleen maar deur eenvoudiges geglo, wat nie van beter weet nie, en wat nie goeie insig toon nie. Skaam ons ons dalk oor die evangelie in sekere sosiale kringe?
- Dalk is ons moreel skaam oor die evangelie. Dalk is ons skaam oor die afgryse van die kruisiging van die Here Jesus, wat sentraal staan in die evangelie. Kan dit werklik waar wees dat dit is hoe die Here verlossing bewerk? Ons leef tog in ‘n humanistiese era waar ons nie sulke geweld goedkeur nie. Dalk is ons ook moreel skaam omdat ons nie bereid is om ons lewens te verander in lyn met die eise van die evangelie nie.

Paulus maak dit in vers 16 baie duidelik: Hy skaam hom nie vir die evangelie nie. In verse 16-17 gee hy ses redes hoekom hy hom nie vir die evangelie skaam nie. Hierdie ses redes is ook terselfdertyd ses eienskappe van die evangelie. Dit is ook oor hierdie ses eienskappe van die evangelie wat die res van die boek Romeine handel. En daarom kan ons sê dat Rom 1:16-17 is ‘n samevatting van die boek Romeine. Die ses kenmerke van die evangelie waarna Paulus verwys en wat ons nou kortliks wil

oordink, is (1) Die oorsprong van die evangelie, (2) Die aard van die evangelie, (3) Die doel van die evangelie, (4) Die ontvangs van die evangelie, (5) Die omvang van die evangelie, en (6) Die uitkoms van die evangelie.

Die oorsprong van die evangelie (Rom 1:16)

Lees vers 16. In hierdie vers sê Paulus die evangelie is die krag van **God**. Dit sluit aan by wat hy al in vers 1 gesê het: Hy is as geroepe apostel afgesonder vir die evangelie van **God**. Die oorsprong van die evangelie is eenvoudig God self. Dit het nie by 'n mens begin nie. Nee, God het dit bedink, Hy het dit beplan, Hy het dit geïmplementeer, Hy is besig om dit op hierdie stadium te versprei onder andere deur mense soos Paulus. Die evangelie is God se evangelie. Hy is die oorsprong daarvan. In 1 Tess 2:13 skryf Paulus: "En daarom dank ons God onophoudelik dat julle, nadat julle die woord van God van ons ontvang het, dit nie as 'n woord van mense ontvang het nie, maar waarlik as die woord van God – die Woord wat werksaam is in julle wat glo." Die inhoud van die Woord van God, is tog juis die Here Jesus, en dit is dus juis die evangelie. En alhoewel dit Paulus was wat die woord aan die Tessalonisense gebring het, het hulle verstaan dit is nie Paulus se woorde nie, nee, dit is die Woord van God met die evangelie as inhoud – Hy is die oorsprong daarvan. En daarom is daar geen rede waarom ons ons vir die evangelie hoef te skaam nie.

Die aard van die evangelie (Rom 1:16)

Lees vers 16. Paulus skaam hom nie vir die evangelie nie, nie net oor die evangelie van God afkom nie, nee, boonop is die evangelie ook die krag van God. Onthou hoe Paulus in vers 4 al aangedui het dat die Here Jesus kragtig aangedui is as die Seun van God juis deur Sy opstanding uit die dood. Die Here Jesus se sterwe en opstanding vorm juis die hart van die inhoud van die evangelie. Maar Paulus se punt is dat die evangelie nie maar net 'n teoretiese konsep is wat 2000 jaar gelede opgestel en versprei is nie. Nee, hierdie evangelie is kragtig. Ja, dit handel oor die Seun van God – maar dit is terselfdertyd 'n krag wat dinge vermag. Trouens, dit is nie maar net 'n krag nie – dit is die krag van God!

Dink daaraan: Die Seun van God het alle mag en krag en gesag. Hy het dit self gesê: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde" (Mat 28:18). Lees Kol 1:13-16. Uit vers 16 is dit weereens duidelik: Die Seun van God het alle mag – nie net het God deur Hom alles geskep nie, nee, alle heersende magte, owerhede of gesagvoerders is deur Hom en tot Hom geskape. Hy is in beheer van hulle almal. Maar let nou op vers 13: "God het ons uit die mag van die duisternis gered, en verplaas na die koninkryk van Sy geliefde Seun"!

Geliefdes, ons moet dit nie mis nie: Ons dink dikwels aan die evangelie as die leerstelling dat ons gered word deur geloof in die Here Jesus. En natuurlik is dit waar – soos wat ons netnou sal sien. Maar wat ons nie moet mis nie, is dat die evangelie nie net 'n leerstelling is nie – nee, dit is die krag van God. Dit is die krag van God wat nodig is om iemand uit die mag van die duisternis te red, en te verplaas na die koninkryk van Sy Seun. Vir daardie oorgang om plaas te vind, is krag nodig. En dit is niks minder nie as die krag van God wat nodig is.

Ons begryp nie altyd hoe groot die verandering is wat ons nodig het nie: Ja, ons aanvaar ons het sonde, maar dis darem nie so erg nie. Die realiteit is egter dit is baie erg: Soos Adam en Eva hulle rug op die Here gedraai het, doen ons dit ook. Ja, ons dink God is heilig, maar ons verstaan nie altyd hoe heilig God is nie – Hy is drie maal heilig. Daarom is ons toestand as gevalle sondaarmense krities. Dit gaan 'n krag nodig hê om ons te verander. En daardie krag is nie in onsself nie. Dit verg doodeenvoudig die krag van God, deur Sy Seun. Nie net moet ons verlos word van ons sondeskuld

nie, ons moet ook nuwe harte kry wat God wil dien – 'n kragtige werk is nodig – God se krag is nodig. En Paulus onderstreep die evangelie is hierdie krag van God.

Dit is eenvoudig so: sonder die krag van God sal nie 'n enkele persoon tot geloof kom nie. Enige idee dat die mens 'n bydrae moet maak tot sy verlossing, verstaan nie hoe krities en fataal sy nood is, en dat dit alleen die eksterne kragtige werk van God self is wat hom kan red nie. Soos wat God vir die mens fisiese lewe geskep het, so moet Hy ook die mens geestelik herskep – Sy krag is nodig.

<u>Die doel van die evangelie (v16)</u>

Lees vers 16. Die doel van die evangelie is verlossing. Die doel van die krag van God is verlossing. Die verlossing waarna Paulus verwys is daardie oorgang van uit die mag van die duisternis na die koninkryk van die Seun. Ons sal later in die boek Romeine leer dat hierdie oorgang 'n hele proses is wat uit verskeie stappe bestaan. In 'n sekere sin is elke gelowige alreeds verlos, in 'n ander sin word gelowiges steeds verlos, en in nog 'n sin sal gelowiges nog gered word. As ek dit in kort kan opsom: Gelowiges is alreeds geregverdig, gelowiges ondergaan tans heiligmaking, en gelowiges sal eendag heerlikmaking beleef. Verlossing is al drie hierdie stappe (en daar is selfs meer stappe waarvan ons later sal kennis neem) gekombineer.

Paulus beskryf hierdie verlossing ook op verskeie maniere in sy briewe:

- Die verlostes word van hulle sondelas bevry: Ef 1:7 sê "In Hom het ons die bevryding deur Sy bloed, die vergewing van ons sondes". Positief gestel sê Rom 5:1 ons is nou op grond van geloof geregverdig. Dit is die doel van die evangelie en deel van ons verlossing: Om bevry te word van ons sondelas deurdat ons geregverdig word.
- Ons word ook verlos van ons sondige aard. Rom 6:6 sê: "Dit weet ons: dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is, sodat ons sondige bestaan tot niet kan word." Positief gestel sê Rom 6:4 soos Christus deur die magtige heerlikheid van die Vader uit die dood opgewek is, so sal ons ook 'n nuwe lewe lei. Hierdie nuwe aard is deel van ons verlossing.
- Ons word ook verlos van slawerny. In Rom 7:24-25 roep Paulus uit: "Ellendige mens wat ek is! Wie sal my tog red uit hierdie doodsbestaan? Aan God die dank – deur Jesus Christus, ons Here!" Positief gestel sê Gal 5:1: "Vryheid is waarvoor Christus ons bevry het!" Die vryheid in Christus is deel van ons verlossing.
- Ons word bevry van ons vervreemding van God. Ef 2:12 sê: "Onthou dat julle in daardie tyd sonder Christus was, uitgesluit van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten opsigte van die verbondsbeloftes, sonder hoop en sonder God in die wêreld." Positief gestel voeg Ef 2:13 by: "Maar nou, in Christus Jesus, het julle, wat destyds ver weg was, naby gekom deur die bloed van Christus." Dit is deel van ons verlossing.
- Ons was bestem vir oordeel. Ef 2:3 sê: "Ook ons, soos al die ander, was van nature kinders bestem vir die oordeel". Positief gestel, sê Rom 5:5 dat God se liefde in ons harte uitgestort is.
- Ons was bestem vir die ewige dood, maar het nou die vooruitsig van die ewige lewe. Soos Ef 2:5 sê: "Maar God, ryk in barmhartigheid, het ons, alhoewel ons dood was as gevolg van die oortredings, op grond van Sy groot liefde waarmee Hy ons liefgehad het, saam met Christus lewend gemaak – uit genade is julle verlos!" Dit is deel van ons verlossing.

Begin jy iets begryp van hoe ingrypend hierdie verlossing is? Ons word bevry van ons sondeskuld, en ontvang geregtigheid. Ons word verlos van ons sondige aard en ontvang die vermoë om 'n nuwe lewe te lei. Ons word verlos van ons slawerny in sonde, en ontvang die vryheid van Christus. Ons vervreemdheid van God word vervang met nabyheid aan God. Die oordeel wat vir ons gewag het,

word vervang met God se liefde in ons harte. In plaas van om die ewige dood te verwag, het ons nou die verwagting van die ewige lewe. Dit alles is ingesluit in ons verlossing, en is die doel van die evangelie.

Begin jy verstaan hoekom die evangelie 'n krag van God moet wees? Hier is radikale skuiwe wat plaasvind. Ons status in God se oë verander dramaties. God moet dit bewerk. Hy moet dit uitvoer. Hy moet dit aan ons gee. Self kan ons niks bydra nie. Nee, die evangelie is die krag van God – wat dit alles ten doel het, en wat dit alles bewerk.

<u>Die ontvangs van die evangelie (Rom 1:16)</u>

Lees vers 16. Die vraag is nou: Hoe word hierdie heerlike doelwitte van die evangelie bereik in mense se lewens? En vers 16 maak dit baie duidelik: Die evangelie is die krag van God tot verlossing **vir elkeen wat glo**. Dit is baie belangrik om goed te begryp: Hierdie krag van God wat soveel heerlike doelwitte bewerk, werk nie in alle mense nie. Nee, dit is slegs beskore vir die wat glo. Maar let ook op: Dit is wel beskore vir elkeen wat glo. Alle gelowiges ontvang hierdie kragvolle werk, maar terselfdertyd is dit ook net gelowiges wat dit ontvang.

Dit laat natuurlik die vraag ontstaan: Wat is geloof? Heb 11:1 verduidelik: "Geloof is sekerheid van die dinge wat gehoop word, 'n bewys van die dinge wat nie gesien word nie." Nou kan ons vra: Wat is hierdie dinge wat gehoop word en wat ons nie kan sien nie? Dit is daardie dinge wat ons sopas beskryf het wat die doel met die evangelie is: Ons bevryding van ons sondeskuld en die ontvangs van geregtigheid. Ons kan nie sien dat dit gebeur het nie, maar ons hoop dat dit waar is. Ons verlossing van ons sondige aard en die ontvangs van die vermoë om 'n nuwe lewe te lei. Ons kan hopelik iets van hierdie nuwe lewe in ons sien – maar ons moet direk erken dit is maar gebrekkig. Ons hoop nog dit sal volmaak realiseer. Ons word verlos van ons sondeslawerny, en ontvang die vryheid van Christus. Weereens sien ons iets daarvan in ons lewens, maar ons hoop nog dat dit ten volle sal realiseer. Ons beleef ook al iets dat die vreemdheid tussen God en ons opgehef is, en dat ons nader aan Hom kom. Maar ons hoop nog op die dag dat ons Hom van aangesig tot aangesig sal sien. Ons verstaan ons sal in die finale oordeel vrygespreek word op grond van die werk van die Here Jesus – maar tans hoop ons nog hierop. Ons verstaan dat ons nie die ewige dood sal smaak nie, maar wel die ewige lewe. Op hierdie stadium het ons dit nog nie gesien nie – ons hoop nog op die vervulling van hierdie belofte.

Maar, geliefdes, nou moet ons een ding baie goed begryp: As ons sê ons hoop op die vervulling van al hierdie beloftes, dan is dit nie maar 'n vae menslike hoop nie. Nee, dit is juis die wonder van die evangelie. Die evangelie is die evangelie van God, en dit is ook die krag van God. Hy het dit alles beplan. Daarom het Hy Sy Seun gestuur om dit te bewerk. Omdat alle krag aan Hom behoort, is daar geen kans dat enige van hierdie beloftes nie in vervulling sal gaan nie. Nee, die krag van God sal daarvoor sorg. Ja, ons hoop nog en ons kan dit nog nie alles sien nie. Maar dit is juis wat geloof is: Ek vertrou Iemand anders om dit alles te laat realiseer. Ek vertrou die krag van God wat dit alles sal laat realiseer deur Sy Seun. En siende dat Hy alle krag en gesag het, daarom het ek 'n vaste hoop – niks of niemand bedreig God se krag nie. Daarom hoef ons ons ook nie vir die evangelie te skaam nie – dit is God se evangelie en dit is Sy krag wat dit alles bewerk. Geen filosoof of vakkenner of magtige leier kan hierteen opstaan nie.

Geloof is om my eie onvermoë te erken om enige van hierdie doelwitte te bereik, en terselfdertyd om ook te erken dat ek my vertroue in die Here Jesus stel om dit alles te bewerk. Enersyds is dit 'n intellektuele begrip van die Here Jesus se werk, maar terselfdertyd is dit ook 'n geestelike begrip. Dit

is beide ‘n verstandsaak, en ook ‘n hartsaak. Dit verander eenvoudig my hele wese – daarom is ‘n krag van God nodig om dit te bewerk.

Geloof is om eenvoudig die verlossing wat God voor ons plaas, te aanvaar.

<u>Die omvang van die evangelie (Rom 1:16)</u>

Lees vers 16. Ons het nou gesien dat die evangelie die krag van God is wat tot verlossing lei vir elkeen wat glo. Die volgende vraag is: Is dit vir almal wat glo? Of is dit dalk net beperk tot die Jode? Maar wat dan van die Grieke? Onthou, Paulus is besig om te skryf aan ‘n gemeente wat grotendeels bestaan uit gelowiges wat nie van Joodse afkoms is nie.

Dit is immers duidelik uit die Ou Testament dat die Here God ‘n baie spesiale verhouding met die Joodse volk gehad het. Immers was dit met Abraham wat die Here die verbond gesluit het. Immers was dit met die volk by Sinai wat die Here die verbond bevestig het. Immers was dit aan Dawid dat die Here beloof het dat Een uit sy nageslag vir ewig op die troon sal sit. Is dit nie duidelik dat die Here eksklusief met die Jode werk nie?

Hierop antwoord Paulus: Die evangelie is die krag van God tot verlossing, vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood, maar ook vir die Griek. Paulus se punt is: Ja, aanvanklik het God dit goedgedink, en met goeie rede, om te fokus op Sy uitverkore volk – daarom kan Paulus sê dit was eerste vir die Jood. Maar dit is eenvoudig so dat selfs die Ou Testament al aangedui het dat die verlossing nie net beperk sou bly tot die volk Israel nie. In Gen 12:3 het die Here al aan Abraham beloof dat hy tot seën sal wees vir al die grootfamilies (2020 DAV, volke – NAV, geslagte – OAV) van die aarde. In Jes 60:2-3 lees ons: “Ja, kyk, donkerte bedek die aarde, en diepe duisternis die volke; maar oor jou skyn die Here, en oor jou word Sy heerlikheid sigbaar. Nasies sal na jou lig trek, en konings na die helder lig van jou sonsopkoms.” Dink verder aan individue soos Ragab en Rut wat aanvanklik nie deel van die volk was nie, maar tog wel deel geword het van die volk. En natuurlik maak die Here Jesus dit baie duidelik met Sy hemelvaart as hy die dissipels die opdrag gee om dissipels te gaan maak van al die nasies. Daarom kan Paulus sê die krag van die evangelie is eerstens vir die Jode wat glo, maar daarna moet dit ook uitgebrei word na alle nasies.

Die punt is dat die sondeval ‘n wêreldwye nood tot gevolg gehad het. En die evangelie bied ‘n wêreldwye geleentheid aan tot verlossing. Die verlossing is universeel beskikbaar vir alle nasies, vir mense van alle groepe in die samelewing, vir mense van alle agtergronde. Dit is beskikbaar vir verlossing van alle sondes, in elke tyd, op elke plek en onder elke omstandigheid. Ja, dit het by die Jode begin, maar is ook beskikbaar vir die Grieke. Hierdie saak sal later in meer detail in die boek Romeine uitgewerk word.

Maar natuurlik is die krag van die evangelie steeds net beperk tot die wat glo.

<u>Die uitkoms van die evangelie (Rom 1:17)</u>

Lees vers 17. In ‘n sekere sin sluit hierdie vers baie nou aan by wat ons alreeds vantevore geleer het uit vers 16. Die punt wat Paulus wil onderstreep onder die leiding van die Heilige Gees is dat die evangelie die uitkoms het dat sondaarmense deel kan kry aan die geregtigheid van God.

Kom ons besin eers oor wat “geregtigheid” beteken. Geregtigheid verwys natuurlik na dit wat reg is. As ons lees van “God se geregtigheid” moet ons daaronder verstaan dat dit verwys na wat God oordeel wat reg is. Siende dat God die Oorsprong van alles is, daarom het Hy ook die reg om te mag definieer wat volgens Hom reg is, wat dit is waarin Hy behae het. Dit was van die begin af die geval.

Direk na die skepping, het God aan Adam en Eva verskeie voorskrifte gegee waarvolgens Hy wou hê hulle moes lewe. As hulle gehoorsaam hieraan sou wees, sou hulle deel in God se geregtigheid.

Ons weet dit het nie gebeur nie – hulle het in sonde geval, oftewel in ongeregtigheid verval. Die vraag wat nou ontstaan is hoe ons as mense weer deel kan kry aan God se geregtigheid. Hierdie is 'n saak waarmee Luther vir lank geworstel het. Hy was vir lank onder die indruk dat ons daarna moet streef om weer deel te kry aan God se geregtigheid deurdat ons moet lewe volgens wat God gedefinieer het as reg, m.a.w. ons kan deur 'n geregtige lewe, of as jy wil, deur 'n regte lewe weer deel kry aan God se geregtigheid. Dit was toe hy Rom 1:17 behoorlik verstaan het, dat daar vir hom lig opgegaan het. Hy het gesnap wat Paulus hier geskryf het: Ons kan deel kry aan God se geregtigheid geheel en al op geloof. Dit is eenvoudig wanneer ons glo, dat ons deel kry aan God se geregtigheid. Dit kom glad nie deur eie werke nie, dit kom nie deur 'n strewe om te probeer leef volgens die eise van God se geregtigheid nie – nee dit berus geheel en al op geloof. Dit was toe Luther dit verstaan het, dat sy lewe verander het van 'n slaafse strewe na geregtigheid, tot 'n dankbare aanvaarding dat hy deel in God se geregtigheid bloot omdat hy glo dat die Here Jesus die geregtigheid vir hom bewerk het.

Die 1953 OAV vertaal vers 17 soos volg: "Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof..." M.a.w. die geregtigheid van God word sigbaar/effektief uit geloof tot geloof. Wat beteken hierdie uitdrukking: "uit geloof tot geloof"? Die punt is dat geloof die enigste manier is waarop ons deel kan kry aan God se geregtigheid. Ons ontvang dit deur geloof, ons vertrou voortdurend daarop in die geloof, dit word in ons bewerk deur die geloof en dit sal eendag voltooi word in geloof. Op die pad van verlossing word ons geloof versterk soos wat ons sien hoe God die verlossing in ons bewerk. Daarom lees ons "uit geloof tot geloof".

Soos wat ons vorder in Romeine gaan ons nog heelwat praat oor regverdigmaking deur die geloof, en dan verstaan ons tipies daaronder dat Christus ons sondeskuld gedra het, en dat sy gehoorsaamheid aan ons toegereken word. Maar ons moet raaksien dat die geregtigheid waarvan Paulus hier in vers 17 praat, is meer as net regverdigmaking: Paulus bedoel hiermee ons totale verlossing. Dit sluit regverdigmaking deur geloof in, maar ook dat ons heilig gemaak word deur geloof, en selfs dat ons die ewige lewe sal ontvang ook deur geloof.

Paulus sluit vers 17 af met "... soos daar geskryf staan: 'Die regverdige op grond van geloof sal leef'" Hierdie is natuurlik 'n aanhaling uit Hab 2:4 – waarna ons 'n paar weke gelede gekyk het in ons bestudering van Habakuk. Dit was toe Habakuk geworstel het met al die onreg rondom hom, dat die Here hom bemoedig het met hierdie woorde: Die gelowige sal leef, te midde van al die onreg, want hy ontvang die geregtigheid van God deur die geloof.

<u>Opsomming</u>

Paulus wil dit baie duidelik maak: Hy skaam hom nie vir die evangelie nie – ongeag die argumente wat geleerdes en filosowe en mense van naam mag aanvoer. Hy het ses redes waarom hy hom nie vir die evangelie skaam nie:

- Dit is immers God se evangelie. God het dit bedink, bewerk en geïmplementeer – wie kan teen God se wysheid en werk redeneer?
- Die evangelie is die krag van God. Dit is nie maar net 'n leerstelling nie. Dit is die krag van God wat mense verander, wat hulle uit die duisternis haal na die koninkryk van God. Dit verg 'n groot krag. Maar God het al die krag. Die feit dat daar gelowiges is, bewys dat die evangelie kragtig is, en dat dit nie iets is waarvoor ons ons moet skaam nie.

- Die doel van die evangelie is verlossing. Volledige verlossing wat volmaaktheid bewerk vir die verlostes. Hulle word verlos van hulle sondeskuld en sondige aard. Hulle word een met God. Hulle word van God se oordeel bewaar. Hulle ontvang die ewige lewe. Watter geleerde persoon kan naastenby iets soortgelyks beloof, en dan praat ons nie eens of hulle dit kan bewerk nie. Daarom moet ons ons nie skaam vir die evangelie nie.
- Ons kan deel kry aan die kragtige werk van die evangelie deur geloof in die Here Jesus. In geloof erken ons ons eie onvermoë, en aanvaar eenvoudig die werk van die Here Jesus. ‘n Groot deel van die Here Jesus se werk is reeds afgehandel. Dit het in die openbaar plaasgevind, dit is ‘n historiese feit. Dit is nie afhanklik van ons eie vermoëns nie – dit rus op die werk van die Here Jesus. Hoekom sal ons ons hieroor skaam?
- Boonop is die evangelie nie beperk tot net ‘n beperkte groep mense nie – dit is beskikbaar vir alle mense – vir Jode en Grieke. Hier is geen diskriminasie en rede om oor skaam te wees nie.
- Die evangelie is juis die krag waardeur ons opnuut deel kry aan die geregtigheid van God. Dit kom nie deur eie krag nie, maar deur die krag van God. Hy gee dit, ons aanvaar dit bloot in die geloof. Wat is daar om oor skaam te wees?